PLAASVEILIGHEID

Grondvlakfeite

AGRI SA

We develop the South African Agricultural Industry.
Ons ontwikkel die Suid-Afrikaanse Landbou Industrie.

Inleiding

Dan Kriek – President

Plaasveiligheid is ‘n probleem wat veel groter is as ‘n enkele organisasie, ‘n gemeenskap en selfs die algehele owerheidstrukture. Die werklikheid van plaasaanvalle is skrikwekkend en ‘n mens word geskok deur elke voorval ongeag hoeveel maal jy daarmee gekonfronteer word.

Die aanslag van Agri SA se verslae is om ’n geheelbeeld van die situasie weer te gee. Ons doen dit deur statistiek wat van die polisie verkry word, asook inligting van plaaslike strukture. In ‘n poging om die saak aan te spreek, sal Agri SA voortgaan om die belangrike kwessie met alle rolspelers betrokke te bespreek. Dit sluit in onder andere die Minister van Polisie asook relevante regeringsdepartemente.

Daar sal na oplossings gekyk moet word, wat sosio-ekonomiese uitdagings soos armoede en werkloosheid sal aanspreek.

Agri SA verwelkom die openbare debat oor die kwessie en glo dat as ’n land in geheel kan ons die probleme vasvat.

Agri SA is verbind tot akkuraatheid

Daar is tans verskillende bronne en interpretasies van plaasaanvalstatistieke in die media. Statistiek is beperk, en selfs amptelike statistiek word post-facto opdateer. Die inligting wat vervat is in die jongste plaasveiligheidsverslag van Agri SA is gegrond op:

- Inligting van die Suid-Afrikaanse Polisiediens wat in die Parlement voorgelê is;
- Insette van veiligheidskenners binne Agri SA se strukture; en
- Samewerking met die SAPD op strategiese en voetsoolvlak.

In die jongste Agri SA verslag word daar gemeld dat plaasaanvalle en -moorde sedert 2001/2002 afgeneem het. Die redes daarvoor kan wees dat boere en hul werknemers meer paraat en bewus is oor veiligheidskwessies, verskerpte betrokkenheid by plaaslike veiligheidstrukture en ’n verbeterde verhouding tussen die SAPD en landelike gemeenskappe. Daar moet ook erkenning gegee word aan die boerderygemeenskap, die provinsiale organisasies en Agri SA in die stryd teen plaasaanvalle en -moorde.

Desnieteenstaande die daling oor die afgelope 19 jaar in plaasaanvalle en -moorde, bly die vlakke van aanvalle en moorde, en die gepaardgaande brutaliteit steeds onaanvaarbaar hoog. In die afgelope twee jaar is daar weer ’n toename in plaasaanvalle opgemerk, wat kommerwekkend is. Dit wys dat daar ’n volgehoue bedreiging is teen dié gemeenskappe.

Hieronder vervat is relevante inligting van betrokke rolspelers binne die Agri SA strukture.

© Agri SA 2018

Op die grond: KwaZulu-Natal

Sandy La Marque – Uitvoerende Hoof: Kwanalu

KwaZulu-Natal Moorde en Aanvalle 2001 - 2017



Bron: Kwanalu ontleding van plaasmoorde en -aanvalle (Weerspieël die nasionale tendens)

Die veiligheid van lede van die KwaZulu-Natalse Landbouvereniging (Kwanalu) is een van die strategiese fokusgebied vir die organisasie. Sedert 1999 het Kwanalu begin met ‘n proaktiewe houding rakende veiligheidskwessies in die provinsie. Dit sluit in om te werk met provinsiale strukture, operasionale beplanning en om lede in die hof by te staan met die hulp van kundiges.

In ons navorsing het ons bevind dat die voorkoms van misdade, verband hou met die afgesonderheid van die landelike omgewing. Kwanalu meen die aanvalle is meestal opportunistiese misdade, en dat dit nie deur rasse- of politieke belange gedryf word nie.

Hoewel die vlak van geweld tydens sulke aanvalle kommerwekkend is, moet mense waak daarteen om opruiende stellings te maak of te ondersteun. Sulke stellings sal slegs haat aanhits en rassespanning verhoog, wat teenproduktief sal wees in die stryd teen die aanvalle.

© Agri SA 2018

Kwanalu moedig hul lede aan om sekuriteit voortdurend hul prioriteit te maak, en om verhoudinge in hul gemeenskappe en met die polisie te verbeter.

Tydens 'n onlangse opname is interessante terugvoer oor verskeie kwessies opgeteken:

Do you have a farm security cell?



Do you report crime, theft etc. on the farm?



Does illegal hunting with dogs take place on your farm?



Do regular rural safety meetings take place with your farmers' association?



Do you have a good working relationship with your local police?



© Agri SA 2018

Op die grond: 'n Ontleding van plaasaanvalle in die Vrystaat vir die tydperk April 2016 tot Maart 2018

Dr. Jane Buys – Veiligheids- en Risiko-analis, Vrystaat Landbou

Die verskynsel van ernstige geweldsmisdade ook beter bekend as plaasaanvalle op plase en of kleinhoewes teen produsente, hul gesinne en inwoners / werkers wat op plase woonagtig is, is oor dekades heen 'n fenomeen in die Vrystaat. Wat die dinamika van hierdie spesifieke ernstige en gewelds misdaad ten opsigte van boerderygemeenskappe betref, moet dit duidelik gestel word dat daar geen willekeurige aanval plaasvind nie, wat beteken dat opportunistiese misdadigers nie op die punt van die oomblik besluit om 'n spesifieke boer, sy gesin of werkers aan te val nie. By die meerderheid aanvalle is voorafkennis bewustelik vanaf werkers of voormalige werknemers verkry of onbewustelik deur werknemers wat op sosiale plekke praat oor hul werkgewers wat opportunistiese misdadigers gebruik om sodanige plase/produsente te teiken in gewapende rowe.

Dit is duidelik in die gevallestudies wat deur die veiligheidslessenaar van Vrystaat Landbou (VL) uitgevoer is, deur die slagoffers van plaasaanvalle in die Vrystaat te ondervra, dat aanvallers voorafgaande waarnemings gehou het op geteikende plase/ slagoffers oor watter honde op die terrein was, dat hulle vooraf inligting gehad het waar sekuriteitshekke binne huise geïnstalleer is, dat hulle deeglik bewus was van die roetine van die slagoffers, dat hulle alreeds sulke aanvalle in die verlede geloods het as gevolg van die manier waarop hulle opgetree het en vuurwapens hanteer het, en dat hulle voortdurend in gesprek was met 'n voertuig wat hulle vervoer het na / van die toneel af. In sommige van die voorvalle is die verdagte voertuig wat die aanvallers vervoer het, 'n dag voor die aanval deur sommige boere in die gebied opgemerk. In baie gevalle is bekend dat aanvallers spesifieke besonderhede het oor waar kluise geleë is wat vuurwapens, kontant en waardevolle items bevat. Navorsing toon verder dat plaasaanvalle meestal goed beplan en uitgevoer word met noukeurigheid, wat beteken dat groepe op 'n georganiseerde wyse betrokke is, wat nie die moontlikheid van sindikate / georganiseerde groeperings se potensiële betrokkenheid by plaasaanvalle uitsluit nie, wat deur SAPD-taakspanne ondersoek moet word deur middel van verbindinge.

Behalwe vir voertuie, trekkers en vee wat geteiken is, is slegs in vier voorvalle items wat buite huise gestoor is, geroof deur aanvallers soos kragopwekkers, vragmotorbatterye, gereedskap, brandstof, ens. Alle voorwerpe wat aanvallers beroof / steel, is meestal in huise geleë. Dit is ook 'n gegewe dat in 20-24% van voorvalle die afgelope twee boekjare in die Vrystaat niks gesteel / beroof is in plaasaanvalle nie. Die mees waarskynlike rede hiervoor was vinnige reaksie deur slagoffers om bure in kennis te stel of die LBS nl. die mobilisering van boerderygemeenskappe in hul area; sommige slagoffers dra

© Agri SA 2018

vuurwapens en wanneer daar op hulle geskiet word, het hul teruggeskiet en aanvallers gevlug. Die analise toon verder dat 40-50% van die aanvalle gemik was om toegang tot huise te verkry, dus die voorneme om te steel en beroof. Daarbenewens kan 'n soort nalatigheid (20-25%) van sommige slagoffers bespeur word deur nie hul huise voldoende te beveilig nie. In sommige voorvalle het slagoffers na buite gegaan om ondersoek te gaan instel wanneer honde blaf of hul stemme hoor, en word hul maklike teikens vir aanvallers. Dit is ook bekend dat in drie aanvalle die verkeerde plase geteiken is wat weereens die roof motief uitwys.

Byna een derde (32.43%) van landbouers in die Virginia-gebied waar 'n impak en omvang van misdaadstudie in Oktober 2016 plaasgevind het, het berig dat hulle sielkundige trauma ervaar as gevolg van die impak van meestal eiendomsverwante misdade (wreedheid wat met veediefstal gepaard gaan) in hul omgewing en dat hulle sielkundige behandeling daarvoor ontvang. Die impak van plaasaanvalle op boerderygemeenskappe se welsyn kan tans nie bepaal word nie en verdere navorsing is dus noodsaaklik. Daar is ook gesê dat, behalwe vir droogte, misdaad die grootste bedreiging is wat 'n volhoubare landbousektor bedreig en wat daartoe bydrae dat landbouers die sektor verlaat.

As daar in ag geneem word dat agt werkers en vyf produsente die afgelope twee boekjare in plaasaanvalle in die Vrystaat vermoor is, moet boerderygemeenskappe meer gefokus word op die voorkoming van sulke voorvalle binne die Landelike Veiligheid Strategie (LBS). Vrystaat het 'n afname in plaasaanvalle beleef wanneer 2016-2017 met 2017-2018 vergelyk word. Werkers op plase word ook geteiken in plaasaanvalle. Vir die afgelope twee kalenderjare is 17 plaasaanvalle per jaar in die Vrystaat voorkom. In die huidige kalenderjaar (2018) is 12 aanvalle sover voorkom, meestal deur vroeë waarneming en opsporing van verdagte voertuie / persone wat deur beide werkers en boere in landelike gebiede waargeneem word, navrae aan sommige werkers deur moontlike rowers oor geld en vuurwapens binne huise; inligtingsnetwerke deur SAPD (Misdaad Intelligensie) sowel as plaaswagstrukture wat aandui dat spesifieke plase geteiken gaan word. Die goeie vennootskapsbenadering binne die LBS dra aansienlik by tot die sukses van 'n pro-aktiewe benadering t.o.v. plaasaanvalle. Net vyf produsente wat lede van georganiseerde landbou is, was die afgelope finansiële jaar in die Vrystaat in plaasaanvalle geteiken. Dit kan dus afgelei word dat die betrokkenheid van boerderygemeenskappe om deel te neem in die LBS, deur verhoudings met SAPD, bure, gemeenskappe, werkers / inwoners op plase uit te bou en te verbeter; kommunikasie netwerke te verbeter deur middel van Whatsapp veiligheidsgroepe en radionetwerke; deur inligting oor pro-aktiewe en voorkomende maatreëls met mekaar te deel; en om hulle deur middel van opleidingswerkswinkels deur beide georganiseerde landbou en SAPD in staat te stel hoe om te reageer in noodsituasies, beslis bydraend is tot die skepping van 'n veiliger landelike gebiede in die Vrystaat.

© Agri SA 2018

AANHANGSEL "A"

Die onderstaande tabel bevat 'n operasionele analise van die dinamika wat betrokke is by ernstige geweldsmisdade (plaasaanvalle) op landbougrond in die Vrystaat vir die afgelope twee boekjare, dus vanaf April 2016 tot Maart 2018:

TIPE	2016-2017	2017-2018	OPMERKING
Getal ernstige geweldsmisdade (plaasaanvalle)	**Plaasaanvalle/moorde:** 66 (42 produsente insluitend opkomende boere aangeval/vermoor; 1 insident waar beide produsent/werkers aangeval is) **Moord:** 6 (1 produsent, 5 werkers) **Poging tot Moord:** 13 **Huis Roof:** 39 **Ander misdade:** 22	**Plaasaanvalle/moorde:** 60 (38 produsente insluitende 2 opkomende boere aangeval/vermoor; 4 op beide produsente/ werkers gelyktydig) **Moord:** 7 (4 produsente, 3 werkers) **Poging tot Moord:** 12 **Huis Roof:** 38 **Ander misdade:** 10	Ander misdade sluit in verkragting, ontvoering, huisbraak met die doel om te roof, brandstigting, rig van vuurwapen, diefstal van voertuig / trekker, betreding, ens. 8 werkers en 5 produsente is vermoor in plaasaanvalle afgelope 2 jaar in VS. Aantal plaasaanvalle het met 13.2% afgeneem terwyl moorde met 1 (14.2%) toegeneem het.
Getal plase/kleinhoewes geteiken	**Plase:** 61 (92.42%) **Kleinhoewes:** 5 (7.58%)	**Plase:** 50 (83.33%) **Kleinhoewes:** 10 (16.67%)	Die tipe woning wat in landelike gebiede in plaasaanvalle geteiken word, is plase (83.33 - 92.42% die afgelope 2 jaar)
Misdaad Patroon Analise (MPA):	**DOW:** Saterdag, Sondag, Woendsdag, Dinsdag **Tyd: 1**8:00-06:00 (60.6%) **Maand:** Maart, Augustus, November **Kwartaal:** Oktober tot Desember; Januarie tot Maart	**DOW:** Sondag, Maandag, Dinsdag **Tyd:** 18:00-06:00 (48.43%) **Maand:** Augustus, November, Oktober **Kwartaal:** Julie tot September, Oktober tot Desember	Sondae en Dinsdae is die afgelope twee jaar die mees prominentste dae vir plaasaanvalle. Meerderheid aanvalle (50-60%) het gedurende die nag plaasgevind. Augustus en November problematiese maande die afgelope 2 jaar. Oktober tot Desember se kwartaal was die afgelope twee jaar die meeste prominentste.

© Agri SA 2018

Slagoffer analise:	**Totale getal slagoffers:** 96 **Getal slagoffers per insident:** 2 slagoffers (51.51%); 3-4 slagoffers (9.09%) **Ouderdom van slagoffers:** 50-80 jaar (46.88%); onder 50 jaar (29.16%) **Kinders:** 2	**Totale getal slagoffers:** 106 **Getal slagoffers per insident:** 2 slagoffers (36.67%), 3-6 slagoffers (20%) **Ouderdom van slagoffers:** 50-80 jaar (31.13%); onder 50 jaar (33.1%) **Kinders:** 6	Aantal slagoffers wat geraak word deur plaasaanvalle het met 20 toegeneem. Getal slagoffers wat in een voorval geteiken is, het met meer as 10% toegeneem. Oudste slagoffer was 87 jaar oud. Jonger slagoffers word aangeval, wat onder die ouderdom van 50 jaar is. Aantal kinders wat geraak word, het toegeneem met 4 voorvalle (6.67%) wanneer 2016-2017 met 2017-2018 vergelyk word. 5 slagoffers lede van georganiseerde landbou in VS, dus 5/38 produsente of 5/106 slagoffers.
Oortreder analise:	**Totale getal oortreders:** 180 **Getal aanvallers per insident:** 2-3 aanvallers (50%); 4-7 aanvallers (31.92%)	**Totale getal oortreders:** 181 **Getal aanvallers per insident:** 2-3 aanvallers (50%); 4-6 aanvallers (30%)	Aantal aanvallers bly byna dieselfde met 181 die afgelope 2 jaar, dus gemiddeld van 3 aanvallers per aanval. Meerderheid aanvalle uitgevoer met 2 aanvallers, terwyl 4-6/7 aanvallers 30% van aanvalle in VS uitmaak. Ouderdom van oortreders is moeilik om vas te stel, slegs met arrestasie. Dit is bekend dat buitelandse burgers in 10/60 (16.67%) aanvalle betrokke was in oorgrens gebiede teen RSA/Lesotho grens.
Operasionele analise: Tipe instrument gebruik	51.51% **vuurwapens;** 13.63% mes Ander: 34.86%	61.67% **vuurwapens;** 16.67% mes Ander: 21.66%	Die gebruik van vuurwapens in plaasaanvalle het met meer as 10% die afgelope finansiële jaar gestyg. Knobkieries, ysterpype, tuinvurk, spies, skerp voorwerpe vorm deel van ander items wat as gevaarlike wapens in aanvalle beskou word.

© Agri SA 2018

Tipe items geteiken	27.27% selfone 27.27% geld 22.73% voertuie 18.18% vuurwapens 9.1% diere Geen: 16 (24.24%) insidente niks geroof/ gesteel nie	38.33% selfone 20% geld 20% vuurwapens 15% voertuie 5% diere Geen: 12 (20%) insidente niks gesteel/geroof nie	Daar is 'n toename in die getal selfone wat in plaasaanvalle geroof word, met amper 10% en vuurwapens met 1.2%. Sleutels van voertuie / huise word ook geroof. % van die eiendom geroof is bereken per insident en nie van totale hoeveelheid eiendom geroof nie. In 12-16 voorvalle die afgelope 2 jaar is niks geroof/gesteel in plaasaanvalle in VS nie.
Hoe oortreders na en van plaasaanvalle beweeg?	**45.45% voertuie gebruik** om na en van aanvalle te beweeg; 22.73% vlug met **slagoffer se voertuig** Arriveer per voet: 54.44%	**30% voertuie gebruik** om na en van aanvalle te beweeg; 15% vlug met **slagoffer se voertuig** Arriveer per voet: 55%	30-45% van die aanvallers gebruik voertuie om na en van plaasaanvalle te beweeg. In 15-22,73% het hulle ook die slagoffer se voertuig vir vervoer doeleindes geroof. In 55% van voorvalle het hulle per voet op die misdaadtoneel aangekom.
Waar vind plaasaanvalle plaas? (demografiese ligging)	**40.91% binne huise** 27.27% buite huise 12.12% by plaashek 19.69% nalatigheid	**50% binne huise** 41.67% buite huise 3.33% by plaashek 25% nalatigheid	Die ontleding toon dat 20-25% van plaasaanvalle voorkom kon wees agv een of ander nalatigheid aan die kant van die slagoffers, naamlik alarm nie geaktiveer nie, gaan buite om ondersoek in te stel wanneer honde blaf en of geluide hoor, deure en/of vensters oopgelaat (geen veiligheidshek, diefwering); maak deur oop wanneer iemand klop, ens. Die helfte van die plaasaanvalle het binne huise/wonings plaasgevind
Hoe vind aanvalle plaas (MO)?	Breek oop veiligheidshek of diefwering 40.91%	Breek oop veiligheidshek of diefwering 50%	In 40-50% van plaasaanvalle het aanvallers toegang verkry deur diefwering en of veiligheidshek oop te breek.

© Agri SA 2018

Arrestasie syfer:	Arrestasie syfer: 33.33%	Arrestasie syfer: 30%	Afname in arrestasie syfer tov plaasaanvalle met nagenoeg 3% in VS wanneer 2016-2017 met 2017-2018 vergelyk word. Meerderheid van arrestasies uitgevoer dmv samewerking met boerdery gemeenskappe (mobilisering van LBS). Is moontlik dat sommige arrestasies nog nie op databasis aangebring is nie. Afgelope finansiële jaar is 33.3% van arrestasies uitgevoer, die van buitelandse burgers wat betrokke is in aanvalle. In 4 arrestasies was werkers/vorige werkers betrokke in die pleging van plaasaanvalle in die VS (22.22%).

© Agri SA 2018

Slotsom

Die inligting van Vrystaat Landbou en Kwanalu dui daarop dat plaasaanvalle en -moorde afgeneem het, wat met die Agri SA verslag in lyn is. Hoewel bogenoemde insette wys dat daadwerklike intervensies van verskeie strukture vrugte afwerp, wys dit ook dat meer gedoen moet word.

Agri SA bly verbind daartoe om 'n veiliger landelike- en boerderygemeenskap te skep deur:

- Voortdurende skakeling tussen Agri SA en sy provinsiale organisasies met die polisie en ander veiligheidstrukture;
- Om lede aan te moedig om by boereverenigings in te skakel en aktief deel te neem aan plaaslike beveiligingstrukture; en
- Verbeterde samewerking op plaaslike vlak met die SAPD deur middel van die prioriteitskomitees.

Een plaasaanval en -moord is een teveel.

Navrae

Dan Kriek
Agri SA: President
T I 082 944 0566

Sandy La Marque
Kwanalu: Uitvoerende Hoof
T I 033 342 9393

Dr. Jane Buys
Vrystaat Landbou: Veiligheids- en Risiko-analis
T I 082 922 8434

Kobus Visser
Direkteur: Landelike Veiligheid en Algemene Sakekamer
T I 012 643 3400

© Agri SA 2018